NUUS | SAOU | NEWS

GAUTENG

Blitz 1/2017 : 11/01/2017

Tel 086 072 6843 / 012 436-0900
E-pos/email saougau@saou.co.za



WELKOM TERUG EN GOEIE WENSE VIR DIE NUWE JAAR

Dit is vir die SAOU (Gauteng) besonder aangenaam om alle lede terug te verwelkom. Die hoop word uitgespreek dat u 'n aangename rustydperk geniet het. Daar word vertrou dat, terwyl u nuwejaarsvoornemens nog vars in u geheue is, 2017 die jaar sal wees waar u hierdie voornemens ten uitvoer sal bring.

WELCOME BACK AND BEST WISHES FOR THE NEW YEAR

The SAOU (Gauteng) welcomes back all its members. We trust that you had a pleasant rest and hope that, with your new year's resolutions still fresh in mind, 2017 will be the year that these resolutions will come to fruition.



Baie geluk aan al die SAOU lede wat bygedra het tot die puik matriekuitslae van 2016. Dankie ook aan al die lede wat as Graad 12-nasieners lang ure gewerk het, asook lede wat by nasiensentrums diens gelewer het. Die SAOU (Gauteng) is trots op u!

Congratulations to all the SAOU members who contributed to the excellent matric results of 2016. Our heartfelt thanks to all members who worked long hours as Grade 12 markers, as well as members who delivered a service at the marking centres. The SAOU (Gauteng) is proud of you!

OPLEIDING / TRAINING

1. **Saterdag/Saturday 28 Jan 2017**
   SAOU Ouditorium/Auditorium : 09:00 – 12:00
   Dissipline in klaskamer en take en verpligtinge van HOD en Vakhoofde in die hoërskole / Dealing with discipline in the classroom and tasks and responsibilities of the HOD and Subject Heads in the high school
   Sien volledige inligting hieronder / See details below
   Soortgelyke opleiding vind ook plaas op 4 en 18 Februarie 2017. Nuusbrief volg.

2. **Saterdag/Saturday 28 Jan 2017**
   Laerskool Garsfontein : 09:00 – 12:00
   Laerskole : Die X-faktore van leierskap in Suksesvolle Skole / Primary Schools : The X-factors of leadership in Successful Schools
   Sien volledige inligting hieronder / See details below
   Similar training takes place on 4 and 18 February 2017. Newsletter follow soon.

OPLEIDING : DISSIPLINE IN KLASKAMER EN TAKE EN VERPLIGTINGE VAN HOD EN VAKHOOFDE IN DIE HOëRSKOLE

Datum: Saterdag 28 Januarie 2017

Tyd: 09:00 – 12:00

Plek: Ouditorium, SAOU-kantoor, Garsfontein

Koste: SAOU-lede R61-00 en nie-lede R101-00

Sluitingsdatum : 20 Januarie 2017 of sodra die maksimum van 100 inskrywings bereik is.

1. Die hantering van dissipline in die klaskamer – 1 uur

Die hantering van dissipline in die klaskamer word daagliks moeiliker. Hierdie kursus gee praktiese wenke in terme van wat jy **nie moet doen nie**. Die SAOU regsafdeling hanteer gereeld sake waar ons lede in die moeilikheid is as gevolg van verkeerde optrede in hierdie verband. Die kursus lig uit wat wel **wettiglik gedoen kan word** om dissipline te handhaaf.

Veel belangriker help hiérdie kursus met **praktiese wenke** om die dissipline in die klaskamer op die korrekte wyse te hanteer. Die kursus help onder andere met die opstel van ‘n eie klaskamer dissipline plan en verduidelik die konsepte van pro-aktiewe vs. re-aktiewe respons.

Die kursus fokus verder op **professionele optrede** en etiek in die onderwys.

Toepaslik vir laer- en hoërskool onderwysers.

2. Take en verpligtinge van die HOD en Vakhoofde in die Hoërskool – 2 ure

Temas wat hanteer word sluit in: Leierskap, bestuur, mentorskap, organisasie, beleide, kommunikasie, kontrole, assessering, professionele etiek en die hantering van konflik.

Verrykend vir vakhoofde, departementshoofde of senior onderwysers wat streef na 'n bevorderingspos.

Sat 28 Jan - Ouditorium - Registreer op die webblad / Register online

TRAINING : DEALING WITH DISCIPLINE IN THE CLASSROOM AND TASKS AND RESPONSIBILITIES OF THE HOD AND SUBJECT HEADS IN THE HIGH SCHOOL

Date: Saturday 28 January 2017

Time: 09:00 – 12:00

Venue: Auditorium, SAOU office, Garsfontein

Cost: SAOU members R61-00 and non members R101-00

Closing date: 20 January 2017 or when the maximum of 100 entries is reached.

1. Dealing with discipline in the classroom

*This course gives practical tips in terms of what you should **not do**. The course also highlights how to deal with discipline in the classroom – professionally and legally. Professional conduct and ethics in education are given special emphasis. Appropriate for primary and high school teachers.*

2. Tasks and responsibilities of the HOD and subject heads in the high school

Themes covered are leadership, management, mentoring, organization, policies, communication, monitoring, assessment, professional ethics and conflict resolution.

Enriching for subject heads, department heads and senior teachers who aspire to be promoted.

OPLEIDING : LAERSKOLE : DIE X-FAKTORE VAN LEIERSKAP IN SUKSESVOLLE SKOLE

Datum: Saterdag 28 Januarie 2017

Tyd: 09:00 – 12:00

Plek: Laerskool Garsfontein, Pretoria

Koste: SAOU-lede R61-00 en nie-lede R101-00

Sluitingsdatum : 20 Januarie 2017

Hierdie opleiding vra 'n paradigmaskuif rakende die onderwysberoep se siening van prestasie en sukses.

Die inligting spreek leierskap aan, nie net m.b.t. skoolhoofde en skoolbestuurspanne nie, maar sal ook vir lede van die Beheerliggaam en alle onderwyspersoneel van onskatbare waarde wees omrede werksetiek, professionaliteit in die onderwys, sosiale interaksie tussen personeel, waarde van tydsbestuur en erkenning aan personeel pertinent aangespreek word.

Laerskole : Die X-Faktore van Leierskap in Suksesvolle Skole

Die soeke na die X-faktore wat sukses in laerskole waarborg, het die fokus opnuut geplaas op professionele optrede en gefokusde leierskap van die hoof/skoolbestuur.

Die volgende aspekte word met bemagtiging aangespreek:

- Erkenning binne skoolstrukture en die invloed van wedersydse vertroue, lojaliteit, werksetiek en 'n positiewe gedragskultuur.
- Die rol van ouers, die gemeenskap en die beheerliggaam.
- Eienaarskap – Ek WIL hier werk versus ek MOET hier werk.
- Suksessiebeplanning, uitgebreide leierskapstrukture en personeelontwikkeling.
- Mentorskap- en internskapprogramme.
- Dink uit die boks! Klasindelings en huiswerk.
- Dissipline en waardes.
- Die rol van voederskole.
- Beleide, CAPS en afhandeling van die kurrikulum.

SAT 28 JAN - LS GARSFONTEIN - REGISTREER OP DIE WEBBLAD / REGISTER ONLINE

TRAINING : PRIMARY SCHOOLS : THE X-FACTORS OF LEADERSHIP IN SUCCESSFUL SCHOOLS

Date: Saturday 28 January 2017

Time: 09:00 – 12:00

Venue: Laerskool Garsfontein, Pretoria

Cost: SAOU members R61-00 and non members R101-00

Closing date: 20 January 2017

Primary Schools : The X-factors of leadership in Successful Schools

The quest for the X-factors that guarantee success in primary schools has once again placed the focus on the professional conduct and focused leadership of the principal and school management.

The following aspects are addressed in this training:

- *Recognition within school structures and the impact of mutual trust, loyalty, work ethics and a culture of positive behaviour.*
- *The role of parents, the community and the governing body in terms of success.*
- *Owernership – I WANT to work here versus I MUST work here.*
- *Planning for success, extensive leadership structures and staff development.*
- *Mentorship and internship programs.*
- *Creative thoughts on homework and the grouping of learners in classes.*
- *Discipline and values.*
- *The role of feeder schools.*
- *Policies, CAPS and completing the curriculum.*

Copyright © 2016 SAOU GAUTENG, All rights reserved.

Our mailing address is:
Tel: 086 072 6843 / 012 436-0900
E-pos / Email: saougau@saou.co.za

*Please take note: Should you wish to unsubscribe from the list, you will no longer receive any newsletter related correspondence from the SAOU!
*Neem asb. kennis: Indien u kies om uit te teken van die lys, sal u geen verdere nuusbrief verwante kommunikasie van die SAOU ontvang nie!